**Preektema:** Word jou hart warm wanneer jy God se Woord hoor?

Skriflesing: Lukas 24:13-35

Wat ’n ongelooflike ervaring! Om persoonlik deur die Woord wat mens geword het, Jesus Christus, onderrig te word! Sou jy vandag met meer aandag na die Woord geluister het as Christus hiervoor gestaan het? Sou jou hart dan ook warm geword het, soos dié van die twee dissipels in Emmaus? Dit is duidelik dat hulle nie die Woord verstaan het nie omdat hulle met hulle eie verwagtings daarna geluister het (v.21, 25). Jesus leer hulle egter dat Hy self die Woord verklaar omdat Hy die Woord is (v.27)! En Hy doen dit steeds vandag deur sy Gees. Dit is steeds God wat in en deur Jesus en sy Gees met ons praat! Hy doen dit deur die Skriflesing, deur die gebrokenheid van die prediker en deur die sakramente, waarvan ons teksgedeelte ook getuig (v.30-31). Daarom mag ons reaksie nooit anders as dié van die Emmausgangers wees nie: Hulle harte het warm geword toe hulle die Woord van God hoor! Hoe warm word jou hart?

**Toerusting:**
2 Timoteus 3:14-17 verduidelik die doel van die Woord in ons lewens. Anders gestel: Met watter vrae kan ons na die Bybel gaan vir antwoorde? Die lysie in vers 16 word in twee gedeel: Die leer en die lewe. Eerstens is die Woord waardevol om die waarheid te leer en dwaling te bestry. As ons dus vrae oor God het en wat Hy oor Homself en ons verhouding met Hom leer, sal ons die antwoorde in die Skrif vind. Tweedens is die Woord waardevol om verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek. As ons dus vrae het oor hoe die gelowige moet lewe, sal ons antwoorde in die Skrif vind.